

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
14 November 1976

Onderwerp: Laat u koninkryk kom

Lees: Johannes 18 verse 31 tot 37
1 Korinthiërs 15 verse 20 tot 28

Teks: 1 Korinthiërs 15 vers 25

Sing: Psalm 118 verse 1 en 14
Gesang 76 verse 2 en 4

“Jesus Christus het by geleentheid aan die ruggraatlose Pilatus gesê: ‘My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie’. (Joh 18:36)

“Daarmee het Jesus ’n opvallende verskil gemaak tussen twee soorte koninkryke: die koninkryk van die wêreld en Jesus se koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie.

“Pilatus het niks van hierdie laasgenoemde koninkryk begryp nie. Hy het net kennis gedra van die koninkryk van hierdie wêreld, waar daar oorloë beplan, gevoer en gewen of verloor word.

“Broers en Susters, weet u waarom Pilatus die koninkryk van God nie kon begryp nie? Omdat hy Jesus, die Koning van hierdie koninkryk, nie verstaan het nie. Hy kon hom nie indink dat die Man wat voor hom as beskuldigde gestaan het, die Koning van daardie koninkryk was nie. En dit was nie net Pilatus wat hierdie fout gemaak het nie. Die meeste mense van die twintigste eeu dink nét aan die koninkryk van hierdie wêreld.

“Broers en Susters, laat ons maar erken, die koninkryk van die wêreld het nog net stryd en ellende vir die mens gebring. Dit is ’n koninkryk van worstelende volkere, gevangenis en senulyers. Maar Broers en Susters, só dwaas is die mens. Ondanks sy bittere ervarings in hierdie wêreld, verwag hy nog steeds sy heil vanaf hierdie koninkryk.

“Die rede hoekom die sondige mens nie die koninkryk van God verstaan en begryp nie, is omdat hy Jesus, die Koning, nie verstaan en soek nie. Die een groot voorwaarde om die koninkryk van God te beërwe, lê hierin: Jesus moet as Koning heers.

“Toe Johannes die Doper Jesus gesien het, het hy aangekondig dat die koninkryk naby gekom het. Paulus

het geskryf van die Lam van God wat gekom het om die sonde van die wêreld weg te neem: 'Want Hy moet as koning heers'. (1 Kor 15:25) Dit is wat bepaal of God se koninkryk in die wêreld en in mense se lewens sal kan bestaan en bevestig word. Die Heidelbergse Kategismus wys op onvergelyklike wyse daarop: Dit begin met die innerlike van die mens. Jesus Christus moet hier binne-in ons as Koning heers.

"Die koninkryk van God was aanvanklik teenwoordig in die ganse skepping. Nie alleen die mens nie, maar alles wat op die aarde en in die Hemel was, was ingesluit in die koninkryk van God. Alles en almal het gebuig onder die soewereine wil van God, die ewige Koning.

"Toe het Satan hierdie harmonie kom versteur. Hy het die paradys binnegedring en die mens aan hom onderwerp. Daarmee het die koninkryk van God van die aarde teruggetrek. Maar God het nie sy aangesig vir ewig van sy koninkryk afgewend nie. Die aarde moes weer sy ryksgebied word. Om dit te verseker, moes sy koninkryk weer vanuit die Hemel op aarde oorgeplant word.

"Die koms van Jesus na hierdie wêreld was om die mag van die Bose omvêr te werp en die koninkryk van God op aarde te herstel. Nadat Jesus die duiwelbesetene genees het, het Hy gesê: 'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom.' (Matt 12:28) Jesus se opstanding uit die graf op die derde dag was die magtigste bewys dat sy koninkryk aan die kom is. Die troon van Satan is aan die wankel.

"Hoe dink u, waar is die sterkste vesting van die Satan en die sonde in hierdie wêreld? Sou u sê dit is Sodom, Babel, Parys of Johannesburg? Sou u sê dat die mag van die sonde kom uit die sport of kuns wat so ontaard het? Of in die handel waar Mammon aanbid word? Of in die Kommunisme wat die aarde met sy onheilighede verpes? En dink u dat as u al hierdie dinge en plekke vermy, dat u heilig sal kan lewe?

"Nee Broers en Susters, geensins nie, want die sonde is binne-in ons. Hierbinne in ons is die skuilplek en tempel van die Bose. Hierbinne in ons is die afgod, die ontugdrang en die moordenaarswil.

"En as die bron vuil is, hoe kan daar helder water oor ons lewens spoel?

"As God sy koninkryk op aarde wil vestig, hoe dink u, waar moet Hy begin? In Sodom, Babel, Parys, Johannesburg, die Withuis of die Kremlin? Moet Hy

begin om die regeringsgeboue van die wêreld te beset, of om die oliebronne en fabriek te bombardeer?

“Nee Broers en Susters, u weet dit al. God se koninkryk het nie soldate, vliegtuie en kernwapens nie. Nee, as God sy koninkryk oprig, dan moet Hy in die eerste plek beslag lê op die vesting van die mens se hart. Hy moet as Koning heers en hierbinne moet Hy sy vyande onder sy voete stel.

“Broers en Susters, besef ons dat Jesus Christus in die eerste plek na hierdie wêreld gekom het om Satan uit die vesting van die mens se siel te werp? Daarvoor het Hy gely en gesterf. Daarvoor het Hy opgestaan en na die Hemel gevaar.

“As u bid ‘laat u koninkryk kom’, dan smee ons die HERE: Kom neem hier binne oor. En as ek dit bid, dan roep en smee ek dat dit, wat Jesus Christus verwerf het, ’n werklikheid in my lewe sal word. Elke kind van die Hemelse Vader wat hierdie gebed bid, gee uiting aan sy innige verlanse dat die koninkryk hier op aarde herstel sal word.

“Broers en Susters, ons het hier te doen met ’n onsiglike ryk gebed wat alles omvat. Dit is geen onsekere gebed nie. Nee, dit is ’n gebed om die deurwerking en voltooiing van wat Jesus Christus in my begin het. Dit is ’n gebed om Satan se wil en mag in my lewe te verbreek. Dit is ’n gebed om van sondige selfsug verlos te word en om in gehoorsaamheid terug te keer na God in onderworpenheid aan sy wil.

“Die gebed beteken ook in ’n ruimer sin: HERE, bewaar en vermeerder u Kerk op aarde. U moet as Koning heers in u Kerk. Die Kerk, Broers en Susters, kan alleen bestaan en voortgaan as God dit vermeerder. Daarom pleit ons in hierdie gebed: O God, bewaar u Kerk teen vyande van binne. Bewaar dit van geestelike verdorwing en sedelike insinking. Bewaar dit van wêreldgelykvormigheid. Maar gee ook dat u Kerk sal groei in ywer vir sending en evangelisasie. Laat u huis vol word. O God laat u kinders Sondae hier vergader, want U moet as Koning heers.

“Met hierdie gebed pleit God se kinders dat Hy Satan se mag sal vernietig. Satan sal wel nog met ’n kragpoging kom, maar hy sal die koninkryk van God nooit kan vernietig nie.

“In hierdie gebed leef daar dan ook ’n heimwee na die dag van Jesus se wederkoms op die wolke, wanneer alles aan Hom onderworpe sal wees.

“Broer en Suster, het jy sekerheid van jou staanplek in hierdie koninkryk? Jesus het vir jou gesterf en jou

soos brandhout uit die vuur geruk. Ons is reeds ingevoeg deur die genade van God. Glo in Hom en jy sal gered word. Glo en aanvaar dit. Ons is by Pilatus se dwaasheid verby, want ons ken die Koning van hierdie koninkryk.

“En as ons eers ingestem is om die naderende voetstappe van ons Koning te hoor; en as ons oog geopen is om die verskyning van ons Koning te gewaar, dan sal daar voortdurende aktiwiteit wees. Dan sal ons ons besig hou met die dinge van sy koninkryk en dan sal ons wag op sy koms. Ja, ons sal reikhalsend daarna uitsien. Want dan sal ons weet: ‘Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.’ (1 Kor 15:25)

“Amen.”